

# Les 26

Teks: Johannes 9: 24 - 34

## 1. Inleiding

Vandag gebeur met die jongman waarvoor sy ouers bang was. Hy word uitgeban uit die Sinagoge. Tog gebeur die nie sonder dat hy sy sê inkry nie. Kom ons luister wat wil hy vir die Fariseërs en Skrifgeleerdes leer?

## 2. 'n Teologie wat sien

Ons weet dat op hierdie punt het die Joodse leier al reeds vir Jesus veroordeel as 'n sondaar. Maar 'n getuigenis of aanklag deur hierdie man sou hulle saak darem versterk. Hulle begin om skynbaar hierdie man die kans te gee om aan God die eer te gee. Dit het in hulle oë beteken om Jesus as sondaar te verklaar. Prakties waarskynlik iets in lyn met dat hierdie genesing nie werklik plaasgevind het nie. Dat alles miskien opgemaak is.

Maar dan is dit wat hierdie man getuig juis die teenoorgestelde. Hy maak dit duidelik dat hy die teologiese oordeel aan hulle oorlaat. Maar wat die wonder van die genesing van sy oë betref, daarvoor is hy baie seker. Hy was blind en nou sien hy. Vir hom is dit al teologie wat hy nodig het.

## 3. Onkunde of 'n slim verdediging?

Ons sien dat die joodse leiers, herhaaldelik vir die man dieselfde vrae vra. In vers 10 het hulle hom ook gevra hoe hy genees is. Dit is waarskynlik hulle manier van kruisondervraging om hierdie man onder druk te laat swig. Maar dan antwoord die man met 'n tipe dapperheid wat ons nie verwag nie.

Hy vra hulle of hulle dan ook dissipels wil word. Of dit dan die rede is waarom hulle meer van Jesus en hierdie spesifieke genesing wil weet. En hierin lê ons vraag of dit onkunde of slim verdediging is. Vra die man uit onkunde die vraag. Met ander woorde glo hy opreg dat hulle eintlik hierdie vrae herhalend vra omdat hulle meer wil uitvind om Jesus na te volg.

Of vra hy hierdie vraag om hulle terug aan te val. Weet hy dat hierdie vraag hulle so kwaad sal maak dat hulle van hom vergeet. Iets wat skynbaar tot 'n mate gebeur. Hulle antwoord hom kwaai terug. Deut te ontken dat hulle weet waar Hy vandaan kom

## 4. Genesing van sig

Hierdie ontkenning van Jesus se herkoms reflekteer nie goed op die Joodse Leiers nie. Dit lyk of hulle eintlik net dieper in die moeilikheid in trap. Want hierdie Joodse raad weet nie eers waarvandaan Jesus kom nie. Tog het Jesus die krag om hierdie man se sig te herstel. En net soos vandag is die genesing van sig, bitter seldsaam. Ook in moderne geloofsgenesing kringe is hierdie die een wonder waarvan jy net nie hoor nie.

Hierdie man wend dan hierdie wonder genesing wat met hom gebeur het aan as bewys dat Jesus van die Vader af moet kom. En die feit dat God die Vader hom gehoorsaam as bewys van Jesus se regverdigheid. Dit impliseer natuurlik dat die Fariseërs se onvermoë om dieselfde te doen, bevestig dat hulle nie regverdig is nie.

## 5. 'n Persoonlike aanval en die einde

Die Joodse leier is nou in 'n moeilike posisie. Hulle kies die pad van 'n persoonlike aanval hieruit. Hulle maak dit duidelik dat hierdie man volgens hulle van sy geboorte af 'n sondaar is. Dit

diskwalifiseer hom om hulle te onderrig. Tog sien hulle nie die ironie hierin raak nie. Want dit is juis Christus wat ons kom verlos van sonde waarin ons gebore is.

Dan doen hulle uiteindelik met hom wat sy ouers gevrees het, hulle sal oorkom. Hulle ban hom uit die sinagoge. Dit is nie net 'n wegstuur nie, dit is die afsnyding van die gemeenskap van die gelowiges. In die tyd het dit vir 'n persoon ernstige sosiale en ekonomiese teespoed in gehou om uitgeban te word.

## 6. Teks met Teks vergelyking

- a) Johua 7:19
- b) 2 Konings 6:17 - 21
- c) Psalm 66:18
- d) Spreuke 15:29
- e) Jesaja 29:18
- f) Matteus 5: 17 - 20
- g) Matteus 23:2

## 7. Vrae

1. Watter waarde lê daarin om ander mense te oortuig van jou eie standpunte? (Vgl. Rom 1:32)
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
2. Hoe belangrik is dit om jou geloof te kan verdedig? (Vgl. 1 Pet 3:15)
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
3. Hoekom is die genesing van 'n blind gebore persoon selfs vandag nog so skaars?
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
4. Bewys bonatuurlike wonders en genesings geloofsvolwassenheid?
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
5. Wat sê 'n persoonlike aanval van jou argument?

## 8. Bronne

1. Carson, D. A. (1991). [\*The Gospel according to John\*](#). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.